NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Posbus 2368
Pretoria 0001
Swaanstraat 129
East Lynne
Pretoria 0186
www.nhka.org

8 Maart 2024

VAN: Kommissie van die Algemene Diakensvergadering

AAN: Gemeentes
Predikante

**OMSENDSKRYWE NR 9/2024**

Broers en susters

## ADV RAMPFONDS – KOMBINERING MET DIAKONALE ONDERSTEUNINGSFONDS

Die ADV beskik reeds baie jare lank oor hulpfondse. Twee hiervan is die Rampfonds en die Diakonale Ondersteuningsfonds (tot onlangs die Uitreikfonds genoem). Tydens die 73ste Algemene Kerkvergadering in Oktober 2022, is die Kerk gevra om in te stem met die gebruik van die ADV Rampfonds, en is daar soos volg besluit:

*Die 73ste AKV gee instemming met die gebruik van die Kommissie van die ADV ten opsigte van die rampfonds:*

* *Bydraes wat vir 'n spesifieke ramp ontvang word, asook bydraes ontvang tydens die nadraai van 'n bepaalde ramp, maar wat nie gespesifiseer is nie, word so ver moontlik vir daardie ramp aangewend.*

* *Indien daar meer bydraes ingevorder is as wat vir 'n betrokke ramp aangewend kan word, word die geld nie verkwis nie, maar in die fonds behou vir bydraes tydens 'n volgende ramp.*

* *Die rente wat op die balans van die rampfonds verdien word, word uitsluitlik vir hulpverlening, volgens die diskresie van die Kommissie van die ADV, aangewend.*

***Motivering***

*Die Kommissie van die ADV gebruik een rampfonds – daar word nie vir elke ramp 'n nuwe fonds gestig nie. Hierdie werkwyse maak dit vir die ADV moontlik om verantwoordelike rentmeesterskap te aanvaar vir die barmhartigheidsbydraes vanuit die Kerk. Dit het verder tot gevolg dat die ADV hulp kan verleen die oomblik wat 'n ramp plaasvind, en nie eers wag vir bydraes voordat hulp verleen kan word nie.*

Verdere oorweging ten opsigte van die aanwending van die hulpfondse vorentoe, het daartoe gelei dat die ADV Kommissie besluit het om die Rampfonds en die Diakonale Ondersteuningsfonds te kombineer. Die doel van hierdie fonds sal soos volg wees:

Die doel van die fonds is om hulp te verleen aan mense in nood.

Hulp sluit in:

i. Finansiële ondersteuning.
ii. Psigies-emosionele ondersteuning.
iii. Geestelike versorging.
iv. Mediese ondersteuning.

Hulp kan verleen word aan:

i. Individue (insluitend predikante, emeriti, teologiestudente en enige ander persone, wanneer versoeke vir hulp ontvang word vanaf die ADV Kommissie, Dagbestuur en werkgroepe van die ADV, NWO's verbonde aan die NHKA, die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, die Welstandsprogram en ander kerklike liggame.
ii. Gemeentes (vir diakonale aanwending).
iii. Instansies wat hulpverlening na behore kan bestuur.

Die belangrikste redes vir hierdie kombinering is dat dit ons sinodale diakonaat in staat sal stel om nood te verlig op die effektiefste moontlike manier, na gelang van die meriete van elke versoek tot hulp. Dit sal ook prosesse meer vaartbelyn maak en administrasie verminder.

**Oorlegpleging met donateurs**

Die Kommissie van die ADV wil langs hierdie weg oorleg pleeg met alle donateurs tot die twee fondse. Die oorgrote meerderheid donateurs is gemeentes van die NHKA, terwyl daar ook individuele donateurs is.

Ons vra van alle donateurs tot die twee fondse die volgende:

1. Indien u tevrede is met die kombinering van die fondse, hoef u niks verder te doen nie.

2. Indien die kombinasie nie vir u aanvaarbaar is nie, kan u versoek dat, indien 'n gedeelte van u vorige bydraes nie aangewend is nie, dit aan u terugbetaal moet word:

   * In só 'n geval sal 'n berekening gemaak word ten opsigte van die saak waarvoor u 'n bydrae gegee het, en indien die volle bedrag nie gebruik is nie, sal die ongebruikte gedeelte aan u terugbetaal word.

   * U kan in hierdie verband 'n e-pos rig aan die ondergetekende by gerhard@diakens.co.za

3. Indien u bewus is van individue wat tot een van die fondse bygedra het, word u versoek om hierdie skrywe asseblief aan hulle te stuur.

Stuur asseblief u terugvoer hieroor voor **10 Mei 2024** na gerhard@diakens.co.za.

Baie dankie vir aandag aan hierdie saak.

Saam in diens

**Ds Gerhard Stoltz**
Sekretaris: Kommissie van die Algemene Diakensvergadering

012 322 8885 uitbr 3111
gerhard@diakens.co.za

*Ons dien, gehoorsaam aan God.*